Winter in Stellenbosch

Die Pieke skuil in mis of wit kapok
bo lensie-, ertjie-, spek-en-boontjiesop
wat damp teen vensters en wit gewelmure.
Bottels rooiwyn warm aan voor kaggelvure
en in houtbakke volgens die seisoen
staan koejawels opgestapel en soetlemoene.
Ons sal soms met intiemer tongval praat:
kerriekos eet, varkrib en bruin wildsbraad,
souskluitjies met kaneel, gesproete pannekoek.
Wanneer jou kop sy reglê op die kussing soek,
raas die Eersterivier harder en vol,
en in jou word die klippe ronder omgerol. *DJ Opperman*

HANGKLIP SE BASAAR

Indien u enige huishoudelike artikels het wat in onbruik is, bel Wolfgang Steinbach , 0828236821. Hy sal dit gratis kom haal.

Daar is ook weer heerlike wildswors gemaak. 100% vleis teen 'n spesiale vakansie-afslagprys – net R80 per kg. Kleinmonders kan hul bestellings plaas en indien daar meer as 10kg bestel word, sal dit by die kerkkantoor afgelewer word. Bel die kerkkantoor (028 271 3470 Kleinmonders) of Riekie Nel by 084 704 4412.

BESOEK VAN ATLETE VIR CHRISTUS

Ons ontmoet die Atlete vir Christus-groep op 17 Julie om 19:00 in die kerkgebou. Dit is 'n uur-program. Hulle program is as volg: Hulle stel eers hulself en Atlete vir Christus bekend. Een van die spanlede sal 'n getuienis lewer en daarna is daar sang deur die groep. Daarna gee die toer-dominee 'n boodskap.
Almal word hartlik uitgenooi om hierdie geleentheid by te woon.

PALMIET WOEKER

Op Vrydagaand 19 Julie hou Palmiet vanaf vyfuur 'n heerlike kuier-geleentheid in die kerksaal.
Verskillende soppe, brood en nagereg teen R50. Kaartjies is by Palmiet se dienswerkers en die kerkkantoor

KERKKLOK

KLEINMOND BETTYSBAAI PRINGLEBAAI ROOIELS

30:06:2019

Welkom by die erediens

09:00 Hangklip - Dr Chris Malan
09:30 Kerkgebou - Ds. Jan Momsen

Deurkollekte: Pinkster

Eredienste 7 Julie 2019
09:00 Hangklip-Sentrum in Bettysbaai
09:30 Kerkgebou
Deurkollekte: Pinkster

BYBELSKOOL

Die Bybelskool hervat eers na die vakansie op Sondag 14 Julie.

Ons gemeente se snapscan kode

Kerkkantoor 028 271 3470 ngkkleinmond@gmail.com
www.ngkkleinmond.co.za
Ds. Steven Sass 072 352 8347
sasssteven@hotmail.com
Dr. Chris Malan 072 198 7279
drchrismalan@outlook.com

ONS GEE OM

WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS.

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het
Ons dink veral aan Jannie Basson: Sb4 (☏ 4108),
Marianne Oosthuizen: KP (☏0787342726),
Marie Groenewald: KB3 (☏0722205457),
Ezette Swanepoel: PM1, Ferdi Naudé: Bb2, (☏0726393226),
Suretha Luttig: Ba1 (☏0726068525), Louw Erasmus: KB1 (4866),
Riti Turner: KB1 (☏0793862695), Tweenitha Coetzee: KB1 (☏3440),
Hilda Roets: KB5 (☏5889), Nico Jacobs: Ba2 3103) en
Ons dink veral aan Ben en die familie van Jessie Hechter van BB1.
Mag hulle daagliks die Here se troostende nabyheid ervaar.

.. **EN WAAR DAAR VREUGDE IS. . .**

Baie geluk aan almal wat gedurende die week verjaar.

In die besonder almal wat vandag verjaar. Ons gee ook hul kontaknommer sodat u hulle kan bel.

Helené Badenhorst (0763043371 - Sb3),
Ferdie Berner (0832732889 - Sb1),
David Cilliers (0828259115 - Bb4), Roché Labuschagne (Sb3)
Alwyn Thiart (0747404682 - PB3),
Anita Toerien (0845777083 - Bb2),
Gert van Coller (0836299289 - PM4).

DIE WEEK SE PROGRAM

Donderdag	18:30 Bid vir sendelinge

DS. STEVEN SPAN ’N BIETJIE UIT

Ds. Steven neem verlof tot 5 Julie. As die lidmate wat onder sy sorg is in hierdie tyd ’n leraar benodig, kan dr. Chris of die kerkkantoor gebel word.

OMGEE BOETIEK

Daar is ’n tekort aan warm wintersklere en beddegoed by die boetiek. As jy kan help kan dit Maandae en Vrydae tussen 10 en twaalf by die kerksaal afgelewer word. Kom ondersteun die boetiek- jy loop heelwaarskynlik self iets moois daar raak.

GEBEDFOKUS

Gedurende hierdie tyd van die jaar het ons soveel om voor dankbaar te wees:
’n dak oor ons kop, kos om te eet, klere om aan te trek, ’n warm bed om in te slaap.
Ons dink aan almal wat nie so bevoorreg is nie. Kom ons reik uit na ander en gee waar tasbare hulp nodig is.

. WINTERMARK

Tot 6 Julie hou Fynbos nog wintermark in die kerksaal. Maandag tot Vrydag van 10:00 tot 13:00 en Saterdag van 10:00 tot 13:00.
Fynbos verkoop ook pannekoek, vetkoek, kerrie en rys en sop en brood.

Ons gemeente verkoop regte basaarpoeding.
Kom ondersteun asseblief

NUUS VAN DIE EKO-BEDIENING

- Dankie aan Bettysbaai wat nou saam met ons proppies en knippies insamel. Hul eerste twee Sondae het 1751 proppies en 260 knippies opgelewer. Onthou asb om die broodknippies in ’n aparte klein sakkie te sit; dit help die sorteerders baie. Net weer: Die koeldrank-, sap-, water- en melkproppies gaan na die Smile Foundation en die broodsakkieknippies gaan vir rolstoele. En natuurlik word dit dan verder herwin.
- Daar is tans ’n hele klompie lidmate wat huishoudelike rommel weer herwin deur dit na Walker Bay Recycling (WBR) in Hermanus te vat. As jy ’n sak daarvan het en dit nie self kan vat nie, WA Jan Momsen (082 414 4254) of Joubert Bosman (082 441 4652) of Louis Botes (060 665 6412). Ons is steeds op soek na ’n geskikte plek vir ’n houer wat so ongeveer 60 sakke kan vat. WBR is dan bereid om dit weekliks te kon oplaai.
- Kyk gerus na die gratis film op YouTube “Eye of the Pagolin”. Dit handel oor die bedreigde Ietermagog.

HOUERS GESOEK

Daar was Sondag 26 Junie 2019 drie houers met blomme op die verhoog by die gesinsdiens in die saal. Die houers is per ongeluk tydens die diens uitgedeel. Daar was ’n groot protea in elke houer. Sal die persone wat dit gekry het die houers asseblief kerkkantoor toe bring. Die eienaar soek dit met ’n seer hart.

’N VRIENDSKAPSBEDIENING

Daar word gesoek na mans wat so een of twee keer per maand iemand wat aan Parkinsons ly te besoek terwyl sy vrou by ’n ondersteuningsgroep is. As jy gewillig is om te help, kan Corrie gebel word (028 271 3865 of 084 877 5356)

edes waarom millennials hoofstroomkerke bywoon

Moenie net aanneem dat jou kerk niks het wat aantreklik is vir die millennials nie, skryf Andrew Ponder Williams. In sy artikel lys hy vyf maniere waarop hoofstroomkerke op ’n besondere wyse toegerus is om in voeling te wees met jonger generasies en verskaf hy wenke oor hoe ’n gemeente dit kan uitbou en benut:

1. Ons deel ons geloof op 'n geloofwaardige manier.
2. Ons tradisies verskaf standvastigheid in 'n wêreld wat voortdurend verander.
3. Ons gee vryelik.
4. Ons lewe doelgerig.
5. Ons fokus en wegspringplek is genade.

NG Kerk Kleinmond

(Kleinmond, Bettysbaai, Pringlebaai, Rooiels)

30 Junie 2019

09:00	Sentrum: Bettysbaai	Dr. Chris Malan
09:30	Kerkgebou	Ds. Jan Momsen



KONTANTLOSE DANKOFFERS?

Besef jy ook soms Sondagoggend: ek het nie genoeg kontant in my beursie vir my dankbaarheid in die erediens nie? Jy kan nou elektronies jou dankoffer gee met *SnapScan* en jou selfoon (wat op in die kerk *silent* gestel is!

As *SnapScan* nog nie op jou foon is nie, gaan (by die huis) soos volg te werk:

1. Maak *Google Play Store* oop en kies om *SnapScan* te installeer. Kies dan *Open*. iPhones kry die toep natuurlik by hulle elektroniese "winkel."
2. Kies OK om die toep toe te laat om met jou foon te kan werk. Kies oral *Allow*. Voer dan jou e-posadres in en *Submit*. Die program sal jou lei om die nodige veiligheidstappe te voltooi en jou gegewens in te vul.
3. Die volgende stap is om jou bankkaart in te voer. *SnapScan* neem sommer 'n foto daarvan. Sorg dat die randjie om die kaart op die toep heeltemal groen is. As dit nie gebeur nie, kies die Keyboard opsie en vul al die nommers wat gevra word in. Maak ook seker dat jou kaart toestemming en 'n limiet het vir telefoontransaksies. Dit word by jou internetbanktoep gedoen. Jy sal ook 'n PIN vir *SnapScan* moet kies (en onthou!)
4. Die *SnapScan*-ikoon sal iewers op jou foon se aangesig wees. Gebruik dit om die toep oop te maak vir 'n transaksie. Kies dan die blou kamera-ikoon en skandeer ons blokkode in die Kerkklok. Vul die bedrag in en kies die opsie waarnatoe die geld betaal moet word.
5. Ons kry dadelik kennis van die betaling én spaar self baie op bankkoste.

Dankie!

Die Adminkommissie.

n Kersfeesboodskap – Tinus van Zyl (Desember 2018)

Mag ons hierdie Kersfees minder koop en meer weggee.

Mag ons hierdie Kersfees minder na skerms kyk en meer na mense.

Mag ons hierdie Kersfees minder praat en meer luister.

Mag ons hierdie Kersfees minder skinder en meer waardering uitspreek.

Mag ons hierdie Kersfees minder slegsê en meer bid vir ons land.

Mag ons hierdie Kersfees minder motors verbyjaag en meer stoppe langs die pad maak.

Mag ons hierdie Kersfees minder dinge najaag en meer wag op God.

Mag ons hierdie Kersfees minder met ons familie baklei en meer oomblikke van saamwees koester.

Mag ons hierdie Kersfees minder veroordeel en meer voordeel van die twyfel gee.

Mag ons hierdie Kersfees minder eet en meer gaste oornooi.

Mag ons hierdie Kersfees minder bedien word en meer dien.

Mag ons hierdie Kersfees minder drink en meer van die lewe proe.

Mag ons hierdie Kersfees minder soek en meer ontvang.

Mag ons hierdie Kersfees minder vra en meer dankie sê.

Mag ons hierdie Kersfees minder uitsluit en meer innooi.

Mag ons hierdie Kersfees minders voornemens vir onsself maak en meer verbintenisse aan ander.

Mag ons hierdie Kersfees minder beplan en meer droom.

Mag ons hierdie Kersfees minder vermaak word en meer rus.

Mag ons hierdie Kersfees minder verlang en meer onthou.

Mag ons hierdie Kersfees minder eensaam en meer geliefd wees.

Mag ons hierdie Kersfees minder seker wees en meer glo.

Mag ons hierdie Kersfees minder wens en meer hoop.

Mag ons hierdie Kersfees minder geluk soek en meer liefde de

BOUFONDS

Indien u ‘n vrywillige bydrae tot die boufonds vir die uitbreiding van die kerkkompleks wil maak:

Deponeer by ABSA / doen ‘n internet-betaling / betaal in by kerkkantoor / plaas in koevert en plaas in kollektesakkie:

Merk: “**BOUFONDS**”

Bank:	ABSA
Rekeningnommer:	**3220 150 320** (Tjekrekening)
Taknaam:	**Kleinmond** (Kode: 632 005)
Rekeningnaam:	**NG Gemeente Kleinmond**

Trix

Lied 553	Ek is bly ek ken vir Jesus
Lied 168	Heilige Jesus
AGL060E	Give me oil in my lamp
AGL053E	Shout to the Lord
AGL078A	Soos ‘n wildsbok
??	Peace like a river
??	Weet jy nie, Weet jy nie jy’s ‘n temple

Draers van Sy Lig
Verskilmakers met Deernis
Ambassadeurs van Hoop